INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 7 1 0 1 4 2 8 7 | 4 2 | 3 1 3 0 |

14 OCT 1997

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ........ P. 22 Dat. ........

# Padongelukkefonds gery deur verliese

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Die beoogde verhoging van 3c per liter in die brandstofprys om die nuwe Padongelukkefonds op 'n gesonde grondslag te plaas, sal steeds nie genoeg wees om die opgehoopte verliese van die ou Multilaterale Motorversekeringsfonds uit te wis nie. Dié verliese bedra tans R7,2 miljard.**

Mnr. Pieter Botbijl, voorsitter van die Padongelukkefonds, het gister aan die Parlement se Portefeuljekomitee oor Vervoer gesê die uitwissing van die ou fonds se skuld sal 'n politieke besluit moet wees. Die nuwe fonds sal 'n tyd lank in staat wees om geld aan die ou fonds te "leen" om sy verpligtinge na te kom, maar dit sal hoogstens 'n tydelike oplossing wees.

Eise teen die fonds het die laaste jaar skerp gestyg, wat veroorsaak het dat die totale laste van die fonds van R3 miljard in 1993 tot nie minder nie as R7,2 miljard in die afgelope jaar toegeneem het.

As die situasie toegelaat word om onveranderd so voort te duur, sal die fonds se opgehoopte laste teen die jaar 2008 tot nagenoeg R47,7 miljard aangroei.

As besparings van 48,5% moontlik sou wees, kan die tekorte teen daardie tyd egter uitgewis word.

Die strategie vorentoe, soos deur die onlangse witskrif uitgespel is, maak voorsiening vir beperkte besnoeiing van uitgawes en matige verhogings in die brandstofheffings. Wat laasgenoemde betref, moet die huidige heffing van 10,5c per liter op petrol vanaf aanstaande jaar met 3c opgestoot word, waarna dit jaarliks aangepas sal word teen 'n koers gelykstaande aan die inflasiekoers.

Hoewel dit die nuwe fonds staande sal hou, sal dit min verskil aan vorige laste maak. Volgens Botbijl is verskeie moontlikhede reeds ondersoek om dié probleem op te los, maar uiteindelik sal die hantering van die laste 'n politieke besluit moet wees.

In een stadium is gehoop dat die groot oorskotte van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) daarvoor aangewend kon word, maar so 'n moontlikheid is tans baie skraal. Sasria het tans oorskotbates van tussen R7 miljard en R9 miljard. Die verwagting is dat dié geld na die staat se algemene inkomstefonds of die Waarheids- en Versoeningskommissie sal gaan.

'n Ander moontlike oplossing sal wees om die brandstofheffing na brandspiritus uit te brei. As net 10c per liter hierop gehef word, sal dit jaarliks R2,2 miljard kan oplewer. Dit sal nie alleen die tekort van die fonds gou kan uitwis nie, maar ook genoeg oplewer om die fonds vir die volgende twintig jaar aan die gang te hou. Volgens Botbijl is die kans egter skraal dat mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, hiertoe sal instem.

In die tussentyd sal die ou en nuwe fondse apart bedryf word totdat 'n finale oplossing gevind kan word.

TREFWOORDE

1 Swart Hein
2 Voorsitters
3 RAF
4 Kommissies
5 Parlement
6 Vervoer
7 Kommentaar
8 Skulde
9 MMF
10 Voorstelle